# BERGRIVIER MUNICIPALITY

# VERMAAKLIKHEIDSLISENSIES

| | | |
|---|---|---|
| **DATE APPROVED** | : | BK1002 – 08/03/2005 |
| **COMMITTEE** | : | MAYORAL COMMITTEE |

# UITTREKSEL UIT NOTULE
# BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING
# 08 MAART 2005

7.2.42 **VOORGESTELDE BELEID : AANSOEK OM VERMAAKLIKHEIDSLISENSIE (14/B)**

Die Burgemeester meld dat die verslag met betrekking tot Port Side Sports Pub te Porterville nog aan die Burgemeesterskomitee voorgelê moet word.

**BK 1002** **BESLUIT**

1. Dat 'n verslag met betrekking tot Port Side Sports Pub aan die Burgemeesterskomitee voorgelê word;

2. Dat die goedkeuring van die onderstaande aanbevelings oorstaan, naamlik:

    1. Dat die voorgestelde beleid met betrekking tot die aansoek om 'n vermaaklikheidslisensie, aanvaar word;

    2. Dat die kommentaar van die betrokke plaaslike Polisieforum ook verkry moet word; en

    3. Dat die Raad se besluit aan die betrokke plaaslike Drankoffisier en die Provinsiale Drankraad deurgegee word.

# BELEID TEN OPSIGTE VAN VERMAAKLIKHEIDS-LISENSIE AANSOEKE

| | | WETGEWING |
|---|---|---|
| 1. | **Ontvang aansoek vir** -<br><br>**Die dryf van besigheid deur** -<br>(a) turkse baddens, saunas of ander gesondheidsbaddens te verskaf;<br><br>(b) masseer- of infrarooi-behandeling te verskaf;<br><br>(c) die dienste van 'n metgesel, hetsy manlik of vroulik, aan iemand anders beskikbaar te stel;<br><br>(d) die hou van drie of meer meganiese, elektroniese of elektriese toestelle, instrumente, apparate of toebehore wat bestem is of gebruik word vir die doel om enige spel daarmee te speel of vir die doeleindes van ontspanning of vermaak, en waarvan die bewerking die betaling van enige waardevolle teenprestasie behels, hetsy deur die inplasing van 'n muntstuk, tekenmuntstuk of skyf daarin of in 'n toebehoorsel wat daaraan bevestig is of op enige ander wyse;<br><br>(e) die hou van drie of meer snoeker- of biljarttafels;<br><br>(f) 'n nagklub of diskoteek te hou of te dryf;<br><br>(g) 'n bioskoop of teater te hou of te dryf;<br><br>(h) bedryf van volwasse perseel soos verwys in artikel 24 van die Film en Publikasie Wet 1996 | Bylae 1 (Wet 71/1991) Wet op Besighede |
| 2. | **Openbare deelname**: Skriftelike kommentaar binne 10 werksdae van -<br>- Omliggende bure vir goedkeuring of beswaar;<br>- Betrokke SAPD Drank-offisier; en<br>- Betrokke Polisieforum. | |
| 3. | **Die Perseel**: Kriteria (wat in sonering toegelaat word)<br>- Glad nie residensiële gebiede (1 – 5) nie<br>- Slegs Residensieel 6<br>- Waar nodig aansoek om afwyking, hersonering of vergunning | Soneringskema Regulasies van toepaslike areas |
| 4. | **Die Gebou**: (vereistes waaraan moet voldoen)<br>- Klankdig en lugreëling (ventilasie en verligting)<br>- Parkeerarea voldoende<br>- Brandbeveiliging en Nooduitgange<br>- Sanitasie Toilette | Geraasbeheer regulasies ingevolge atikel 25 van Wet op Omgewings-bewaring (Wet 73/1989) |

| | | |
|---|---|---|
| 5. | **<u>Optrede indien ondergestelde voorwaardes nie nagekom word nie:</u>**<br>- Eerste skriftelike waarskuwing<br>- Tweede skriftelike waarskuwing met boete<br>- Derde oortreding hofbevel om bedryf te staak | Soneringskema regulasie Julie 1987 Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde Wet 103 van 1977 |
| 6. | **<u>Voorwaardes:</u>** | |
| | - Geen maaltye sonder voedselhanteringslisensie en geskiktheidsertifikate | R918 van Voedselwet 63 van 1977 |
| | - Sindelikheid van perseel | Geraasbeheer regulasie Reg 918 van Voedselwet 63 van 1977 |
| | - Dat die Vermaaklikheidslisensie se ure dieselfde is as die besigheids-ure vermeld op die betrokke perseel se Dranklisensie, indien van toepassing, andersins nie later as 23:30 gedurende die week, Vrydae en Saterdae tot 24:00 | |
| | - 'n Afskrif van Dranklisensie verskaf indien van toepassing | Drankwet 1989 |

7. **<u>Delegasie:</u>**

- Dat die Munisipale Bestuurder 'n vermaaklikheidslisensie mag goedkeur indien geen besware ontvang is nie en alle voorwaardes nagekom is, maar andersins 'n aanbeveling maak aan die Burgemeesters Komitee vir oorweging.

**04 Februarie 2005**